# DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE AMP VAN DIE STAATSPRESIDENT IN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK (1858-1902).

Akademiese proefskrif ingehandig ter verkryging van die graad Doctor Litterarum in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

deur


JACOBUS STEPHANUS DU PLESSIS
Honns.B.A.,M.A.

Die navorsing in verband met hierdie werk is onder andere moontlik gemaak deur 'n ad hoc-toekenning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing.

## VOORWOORD.

Die amp van staatspresident was ŉ unieke amp in die konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika. Dit het die eerste keer in 1854 in die Republiek van die Oranje-Vrystaat tot stand gekom en enkele jare daarna ook in die Zuid-Afrikaansche Republiek. Hoewel daar met verloop van tyd ook nog ander kleinere republieke in die binneland van Suid-Afrika ontstaan het, waarvan die leeftyd maar van korte duur was, het dit ten opsigte van die presidentsamp, soos dit in bogenoemde twee Republieke bestaan het, niks nuuts meegebring nie, en word dit in hierdie studie geheel en al buite rekening gelaat. Wat in hierdie proefskrif aangebied word, is ŉ historiese ondersoek na die ontstaan en ontwikkeling van die staatspresidentsamp in die Z.A.R. Vanweë die gelyktydige bestaan van ŉ soortgelyke amp in die Republiek van die O.V.S. is dit egter goed gedink om die twee ampte ook met mekaar te vergelyk. In die eerste plek moet hierdie proefskrif nie as ŉ uitvoerige vergelyking van die twee ampte beskou word nie, maar hoofsaaklik as ŉ uiteensetting van die presidentsamp in die Z.A.R., wat in hooftrekke met dié in die O.V.S. vergelyk word.

Die proefskrif wat hier aangebied word, is die resultaat van langdurige navorsing in veral die Argiefdepots te Pretoria en Bloemfontein, en biblioteke, waaronder veral die Staatsbiblioteek te Pretoria, die Johannesburgse Openbare Biblioteek en die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek in Kaapstad genoem moet word. Aan die hoofde en personele van hierdie inrigtings, sowel as aan die Bibliotekaris van The Star-kantoor in Johannesburg. kom ŉ woord van hartlike waardering toe vir die bereidwillige, vriendelike en geesdriftige wyse waarop hulle my te hulp gekom en van belangrike materiaal voorsien het.

Oor die konstitusionele geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat is daar nog feitlik niks geskrywe nie, hoewel haas in elke boek oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis iets daaromtrent gelees kan word. Oor die besondere onderwerp wat hier aangedurf word, is daar tot dusver nog niks gedoen nie, behalwe oor die eerste gedeelte van hierdie werk, wat handel oor die kwessie van staatkundige leierskap tydens die Groot Trek tot

1858. Oor laasgenoemde onderwerp het veral A.J.H. van der Walt met sy Die Vroegste Konstitusionele Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (1836-1857),[1] wat grotendeels verwerk is in sy Die Ontwikkeling van Boerebestuursinstellinge,[2] uiters verdienstelike werk gelewer. Ná hom het ook F.A.F.Wichmann in uitgebreider vorm dieselfde terrein gedek met Die Wordingsgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek,[3] terwyl J.J. van Heerden in sy Die Kommandant-Generaal in die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1860[4] sy aandag aan 'n bepaalde aspek van dieselfde geskiedenis gewy het, naamlik aan die aandeel van die kommandant-generaal, wat gedurende die Trek-tydperk as nie-amptelike staatshoof en politieke leier opgetree het. Van bogenoemde werke en navorsingsresultate is met groot dankbaarheid gebruik gemaak.

In hierdie studie oor die kwessie van politieke leierskap en staatshoofskap is dit egter nodig gevind om weereens bogenoemde tydperk te bestudeer, sowel aan die hand van wat alreeds daaroor gepubliseer is, as aan die hand van oorspronklike bronne. Hoewel in hoofsaak tot dieselfde gevolgtrekkinge as bogenoemde en ander skrywers gekom word, is ook in meer as een opsig van hulle verskil en is nog ruimte gevind vir 'n verskillende interpretasie in meer as een opsig. Vanweë die vervlegtheid van die politieke leierskap met die ander aspekte van regering, was dit nodig dat veral in die eerste vier hoofstukke ook aandag aan algemene regeringsake gegee word, want alleen dan kan die kwessie van die ontwikkeling van die staatshoofskapsgedagte soveel beter verstaan word. Die gedeelte wat oor die presidentsamp as sodanig handel, berus geheel en al op die bestudering van oorspronklike dokumente.

By die afronding van my universitêre studie, veral in die Geskiedenis, is dit vir my baie aangenaam

---

[1] Gepubliseer in Die Saaier, jaargang 1, nommers 4-7, Augustus, September, Oktober, Desember, 1923.

[2] Gepubliseer as hoofstuk IV van Boek II van Geskiedenis van Suid-Afrika, deel II.

[3] Gepubliseer in Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, vierde jaargang, deel II, 1941, Kaapstad.

[4] Gepubliseer in Historiese Studies, Desember, 1944. Hierdie M.A.-verhandeling is opgeneem in die eerste vier hoofstukke van Van Heerden se D.Phil.-proefskrif: Die Kommandant-Generaal in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek (ongepubliseerd).

om vier persone, almal nog in die lewe, wat veel tot my belangstelling en vorming in die vak bygedra het, se name hier te vermeld. In kronologiese orde is dit in die eerste plek my vader, die heer J.L.du Plessis, wat in my laerskool-jare deur sy realistiese vertellinge die fondament vas en deeglik gelê het. Vervolgens, die heer K.Geertsema, vroeër Geskiedenis-onderwyser aan die Hoër Gimnasium, Potchefstroom, wie se klasse vandag nog vir my groot inspirasie inhou. Dit was veral 'n voorreg om gedurende my B.A.- en 'n gedeelte van my M.A.-studiejare aan die voete te mag sit van 'n man soos professor dr. A.J.H.van der Walt, wie se kalme, insiggewende en besielende leiding ek seker nooit sal vergeet nie. My innige waardering gaan ook uit na prof. dr. D.W.Krüger, my departementshoof en promotor, wat steeds bereid was om my uit sy breë kennis en ervaring te laat put en wat geen tyd en moeite ontsien het om my tydig en ontydig met advies by te staan nie. Die kritiek wat prof. Krüger deurgaans gelewer het, sal vir my vanweë die opbouende aard daarvan, altyd tot voorbeeld strek.

Aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing betuig ek graag my dank vir finansiële ondersteuning, waardeur die navorsingswerk soveel meer moontlik gemaak is. Ook aan die Raad en Senaat van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die tydperk van verlof aan my toegestaan, waardeur ek in staat gestel is om hierdie werk te voltooi, my hartlike waardering. En voorts aan almal, wat op welke wyse ook al, bygedra het, om die voltooiing van die werk moontlik te maak.

J.S.du Plessis.

Buffeldoorns,
Potchefstroom-distrik,
7 Januarie 1954.

# INHOUDSOPGAWE.

VOORWOORD........................................ i

HOOFSTUK I. POLITIEKE LEIERSKAP EN UITVOERENDE GESAG TYDENS DIE GROOT TREK (1836-1838)....... 1

1. Trekgeselskappe onder verskillende leiers.. 1
2. Eerste bestuursreëling oorkant die Oranjerivier ........................................ 4
3. Bestuursreëling, 2 Desember 1836.......... 7
4. Bestuursreëling aan Vetrivier, 16 April 1837. Retief word goewerneur..................... 31

HOOFSTUK II. TREKKER-STAATSHOOFSKAP VERDWYN IN NATAL........................................ 53

1. Goewerneurspos nie weer opgevul nie......... 53
2. Posisie van Maritz in Natal................ 54
3. Reorganisasie van burgerlike bestuur....... 56
4. Die "Regulatien en Instructien."........... 56
5. Volksraad voldoen nie aan behoefte aan uitvoerende gesag nie ..................... 65
6. Andries Pretorius word militêre hoof....... 68
7. Nie-amptelike staatshoofsoptrede van Pretorius .................................. 70

HOOFSTUK III. DIE STRYD OM STAATSHOOFSKAP IN TRANSVAAL, 1838-1852.................. 91

1. Optrede van Potgieter as kommandant aan Mooirivier................................ 91
2. Die Drie-en-dertig Artikels maak geen voorsiening vir 'n staatshoof nie.............. 96
3. Potgieter verhuis na Noord-Oos-Transvaal. Hy word uitgeroep as hoofkommandant en bestierder.................................. 101
4. Volksraad maak beswaar teen Potgieter se bestierderskap............................. 104
5. Botsing tussen Potgieter en Volksraad oor staatshoofskap........................... 106
6. Potgieter stel eie regering saam. Pogings van J.J.Burger om Volksraad te laat herlewe ....................................... 115
7. Optrede van Andries Pretorius in Transvaal 122
8. Pretorius kom met Potgieter in botsing ... 126
9. Toenadering tussen Potgieter en Volksraad. 128
10. Volksraad slaag nie daarin om staatshoofskapsgedagte die nek in te slaan nie ..... 138
11. Volksraad verplig om tydelike kommandant-generaal aan te stel.................... 144
12. Volk ten gunste van permanente kommandant-generaal; aanstelling van vier kommandante-generaal ................................ 145
13 Kommandant-generaal Pretorius se optrede as nie-amptelike staatshoof van die Transvaalse Republiek........................ 147

HOOFSTUK IV. DIE STRYD OM STAATSHOOFSKAP IN TRANSVAAL (1852-1858). OPTREDE VAN DIE KOMMANDANT-GENERAAL AS STAATSHOOF EN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE AMP VAN STAATSPRESIDENT.................................. 161

1. Erkenning van die onafhanklikheid van Transvaal.................................. 161
2. Verwarde staatkundige begrippe bemoeilik totstandkoming van 'n staatshoofskap........ 161
3. Volksraad hoogste gesag. Gebreke van die stelsel .................................. 162
4. Desentralisasie van kommandant-generaalskap struikelblok in weg tot daarstelling van staatshoof .......................... 166
5. Andries Pretorius vernaamste kommandant-generaal. Sy optrede as staatshoof........ 168
6. M.W.Pretorius volg sy vader op ............ 173
7. M.W.Pretorius huldig dieselfde opvattinge as sy vader ................................. 174
8. Pretorius beywer hom vir sentrale regering. 176
9. Die Volksraadsinstruksie.................. 177
10. M.W.Pretorius tree op as nie-amptelike staatshoof .............................. 178
11. Pretorius se optrede in binnelandse sake... 180
12. Pretorius se optrede t.o.v. die Volksraad.. 182
13. M.W.Pretorius se optrede t.o.v. buitelandse sake.................................... 184
14. Sy optrede op ekonomiese gebied........... 187
15. Pretorius en die inrigting van 'n sentrale regering. Hy word die eerste president van die Z.A.R. .............................. 188

HOOFSTUK V. DIE GRONDWET VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK, 1858 ................ 223

1. Grondwette van die Z.A.R. en O.V.S......... 223
2. Totstandkoming van Grondwet van Z.A.R...... 225
3. Die Wetgewende gesag ...................... 227
4. Die Uitvoerende gesag...................... 229
5. Die Krygsmag ............................... 233
6. Die Regterlike gesag ....................... 233
7. Eindelik 'n staatshoof! Faktore wat vir die vertraging van die totstandkoming daarvan verantwoordelik was ........................ 234
   (a) Die organisasie van die Trek self ..... 235
   (b) Die Trek het blykbaar langer geduur as wat verwag is .......................... 236
   (c) Trekkers was eenvoudige en ongeletterde mense ............................... 237
   (d) Trekkers het oor geen regeringservaring beskik nie.............................. 238
   (e) Die ervaring en kennis wat Trekkers in die Kaapkolonie opgedoen het, het hulle oordrewe demokraties gesind gemaak..... 239
   (f) Trekkers was 'n groep selfstandige individualiste.............................. 241
   (g) Die Britse agtervolgingsbeleid......... 242

HOOFSTUK VI. VERKIESING, INSWERING, DIENSVOORWAARDES EN UITDIENSTREDING VAN DIE STAATSPRESIDENT .................................... 245

1. Kwalifikasies van die staatspresident...... 245
   (a) Burgerskap............................... 246
   (b) Godsdiens en kerklidmaatskap........... 249
   (c) Ouderdom................................ 251
   (d) Onterende vonnis ....................... 251

2. Verkiesing van die staatspresident......... 253
   (a) Bepaling van verkiesing ................ 253
   (b) Nominasie van kandidate ................ 254
   (c) Verkiesingsveldtog...................... 258
   (d) Deur wie kon die staatspresident gekies word? ............................ 263
   (e) Verkiesing ............................. 265

3. Inswering van die staatspresident ......... 274

4. Diensvoorwaardes........................... 282
   (a) Ampstermyn.............................. 282
   (b) Salaris, toelae en pensioen............. 286
   (c) Verlof om buite die grense van die land te gaan ........................... 294
   (d) Ander betrekkings ...................... 296

5. Uitdienstreding ........................... 297

HOOFSTUK VII. DIE STAATSPRESIDENT EN UITVOERENDE GESAG.................................. 298

1. Uitvoerende gesag berus by staatspresident. Sy verhouding tot die Uitvoerende Raad .... 298

2. Uitvoerende bevoegdhede van die staatspresident .................................. 312
   (a) Uitvoering van wette en besluite ...... 312
   (b) Administratiewe magte en pligte........ 313
      (i) Staatspresident is hoof van administrasie.......................... 313
      (ii) Staatspresident en amptenare....... 314
      (iii) Staatspresident en hoofamptenare... 325
      (iv) Gewestelike bestuur ............... 329
      (v) Inspeksie van kantore.............. 332
   (c) Buitelandse betrekkinge................ 335
      (i) Behartiging van buitelandse beleid. 335
      (ii) Sluiting van verdrae en ooreenkomste................................ 339
      (iii) Oorlogsverklaring en vredesluiting. 342.

HOOFSTUK VIII. WETGEWENDE BEVOEGDHEDE VAN DIE STAATSPRESIDENT EN SY VERHOUDING TOT DIE VOLKSRAAD.................................... 343

1. Die hoogste wetgewende gesag berus by die Volksraad .................................. 343

2. Formele pligte van die staatspresident i.v.m. verkiesing van Volksraadslede en byeenroeping van Volksraad ................ 345

3. Algemene verantwoordelikheid van die staatspresident aan die Volksraad - Sy Aanspraak. 348

4 Staatspresident en wetgewing................ 352
  (a) Staatspresident as voorsteller van wetsontwerpe............................ 352
  (b) Publikasie van wetsontwerpe............ 356
  (c) Toeligting en verdediging van wetsontwerpe................................. 359
  (d) Geen mosie van wantroue................. 376
  (e) Staatspresident besit geen vetomag nie. Pogings om dit te bekom................ 378

5. Wetgewende bevoegdhede van die staatspresident tydens die reses...................... 388
  (a) Onafgehandelde werk deur Volksraad aan staatspresident opgedra................ 388
  (b) Noodsaaklike maatreëls wat tydens die reses getref moet word................ 389
  (c) Maatreëls i.v.m. die uitvoering van reeds aangenome wette ...................... 395

6. Bedanking en skorsing van die staatspresident..................................... 396
  (a) Bedanking ............................ 396
  (b) Skorsing ............................. 397

HOOFSTUK IX. STAATSPRESIDENT EN REGTERLIKE GESAG. ...................................... 411

1. Die Regterlike mag; posisie van die Vrystaatse president ......................... 411
2. Staatspresident en amptenare by regspraak betrokke................................. 418
  (a) Die staatsprokureur..................... 418
  (b) Landdroste.............................. 420
  (c) Regters ................................ 426

3. Bekragtiging van vonnisse deur staatspresident ................................. 437

4. Die reg om genade te verleen ............. 439

HOOFSTUK X. STAATSPRESIDENT EN KRYGSMAG. ,.. 447

1. Die krygsmag van die Z.A.R................. 447
  (a) Die gewapende burgermag ............... 447
  (b) Vrywilligerskorpse..................... 448
  (c) Artilleriekorps........................ 450
  (d) Landspolisie........................... 451

2. Oorlogsverklaring en vredesluiting.......... 451

3. Krygsmag as instrument in hande van die staatspresident............................ 458
  (a) Lasgewing tot optrede van krygsmag en oproeping van burgers.................... 459
  (b) Staatspresident en krygswet............. 461
  (c) Opperbevel: staatspresident en kommandant-generaal ........................... 464
  (d) Ander magte en pligte van die staatspresident.................................. 475
    (i) Vrystellinge van krygsdiens.......... 475
    (ii) Aflegging van eed deur offisiere..... 475
    (iii) Verdeling van buit.................. 476
    (iv) Eervolle vermelding van dapperes..... 477

HOOFSTUK XI. PLAASVERVANGING VAN DIE STAATSPRESIDENT........................................ 478

1. Geen permanente vise-staatspresident in die Z.A.R. en O.V.S. nie.................. 478
   (a) Oudste lid van Uitvoerende Raad tree in Z.A.R. op as plaasvervanger van die staatspresident......................... 478
   (b) Inswering van waarnemende staatspresident van die Z.A.R. voor 1877.......... 484
   (c) Salaris van waarnemende staatspresident in Z.A.R. voor 1877.................... 486
   (d) Tydelike waarneming van presidentsamp in O.V.S.................................. 487
2. Die Z.A.R. kry 'n vise-staatspresident in 1877........................................ 491
3. Die Driemanskap............................ 492
4. Die amp van vise-staatspresident in die Z.A.R. na 1881............................. 496

SLOT........................................ 507

BYLAE....................................... 510

BIBLIOGRAFIE................................ 513

REGISTER VAN PERSOONS- EN PLEKNAME............ 521